
# Kwartaal 2 Hersiening

## Finansiële geletterdheid

### Voorgestelde antwoorde vir hersieningsvrae

1. Gebruik eie oordeel met die leerders se antwoorde: Voorbeeld van antwoord:




(5)

© Oxford University Press, Southern Africa 2013

2. Ontleding van antwoorde: √ Alle gelde ontvang en wat in die kontantlaai gesit word. √√
Bank √: die totale bedrag wat uit die kasregister geneem is en in die bank gedeponeer is. √√
Ontledingskolomme: √ enige kolom waarin die besigheid gereeld geld van kliënte kry. √√
Lopende inkomste: √geld ontvang van kliënte vir dienste gelewer deur die maatskappy. √
Diverse Rekeninge: √ Enige geld wat deur die maatskappy ontvang word wat nie ’n eie spesifieke ontledingskolom het nie, word hier ingeskryf. √√
Hoeveelheid en besonderhede √ Die hoeveelheid en die rekening waar die geld in die algemene grootboek oorgeskryf gaan word, word aangedui. √√ (5 x 3 punte)

3.

| | Bates = | Laste | Eienaarsbelang |
|---|---|---|---|
| 3.1 | Bank + R3 500 √ | 0 √ | Verkope + R3 500 √ |
| 3.2 | Bank + R10 000 √ | 0 √ | Kapitaal + R10 000 √ |
| 3.3 | Bank + R4 600 √ | 0 √ | Huur ontvang + R4 600 √ |

(9)

4. Die hulpjoernale word gebruik om al die inligting van die brondkumente in op te skryf. √√ Elke joernaal het ’n spesifieke funksie sodat alle soortgelyke transaksies saam gegroepeer kan word. √√ Die hulpjoernale stel die eienaar in staat om met een oogopslag te sien watter transaksies gereeld plaasvind, die tatale lopende inkomste vir die maand ensovoorts. √√ Om ’n ontledingstaat te gebruik kan effektief wees maar die eienaar sal nie in staat wees om besluite aangaande die besigheid te neem nie, om rede die transaksies ’n deurmekaarspul is. √√ Die opsomming van die hulpjoernale word oorgeskryf in die algemene grootboek en dit bespaar dan tyd en papier. √√ Die eienaar kan seker maak dat die lopende inkomste gedurende die maand die doelwit vir die maand gaan bereik. √√ Indien nie kan hy sekere aanpassings maak, byvoorbeeld om meer te adverteer, om kliënte te bel om te hoor of hulle addsionele werk benodig ensovoorts. √√ (Maks. 10)

# Entrepreneurskap

## Voorgestelde antwoorde vir hersieningsvrae

1. Kapitaal √, natuurlike hulpbronner (grond) √, arbeid √, entrepreneurskap. √ (4)
2. Kapitaal betaal vir die ander faktore van produksie, wat die besigheid in staat stel om te fuksioneer en beplande dienste of goedere aan te bied. √√ Natuurlike hulpbronne is die materiale wat gebruik word in die produksie, kleinhandel en aanbied van dienste √√ om sodoende ’n inkomste te verdien. Arbeid verskaf die breinkrag en fisiese energie wat benodig word om die nodige funksies van die besigheid uit te voer. √√ Entrepreneurskap is die dryfveer wat alle faktore van produksie kombineer √√en skep ’n besigheid met die potensiaal om suksesvol te wees en om ’n wins te verdien. √ (Maks. 8)
3. Kapitaal word met rente betaal √; natuurlike hulpbronne word deur middel van huurgeld betaal ü; arbeid ontvang lone √; entrepreneurskap word met wins beloon. (4)

© Oxford University Press, Southern Africa 2013

4.1 Ja, √ om rede elke stasie op die vloeidiagram gebruik maak van arbeid. √ (2)

4.2 Leerders moet 'n vloeidiagram teken soortgelyk aan die van die voorbeeld en daarin aandui: inkomende rou materiale (byvoorbeeld T-hemde, vormplate en kentekens) √, die gebruik van arbeid in die proses √, aandui die gebruik van toerusting in die proses (kapitaal) √, 'n tipe bestuursbeheer √√ en verkope poging √om sodoende entrepreneursdoelwitte aan te dui. √ (6)

# Ekonomie

## Voorgestelde antwoorde vir hersieningsvrae

1. Die plek waar goedere en dienste uitgeruil word of waardie kopers met die verkopers ontmoet. √√ (2)
2. Groothandelaars koop in groot hoeveelhede van die verskaffers. √√ Dan versprei hulle die goedere in kleiner hoeveelhede √√ aan handelaars teen 'n hoër prys. √√ Handelaars verkoop dan die goedere aan verbruikers √√as enkele items of klein hoeveelhede teen 'n hoër prys. √√ (Maks. 8)
3. Gebruik jou ordeel met leerders se antwoorde.
   Voorbeeld antwoord:
   Ek sou geskikte personeel moet vind om in my besigheid te werk. √√ Ek sou dit doen deur in die arbeidsmark √√ te adverteer of 'n maatskappy wat in personeel- werwing spesialiseer, te gebruik. √√ As 'n entrepreneur sou ek moes besluit watter vorm van eienaarskap ek wil hê. √√ Indien dit 'n publieke maatskappy is, sal daar aandeelhouers wees. √√ Die aandele in die maatskappy sal in die aandelebeurste üü verhandel word en die aandeleprys sal afhang van hoe goed die maatskappy doen. √√ Indien my besigheid invoer of uitvoer behels, √√ sou dit ook deur die wisselkoers van buitelandse geldeenhede, √√ wat deel vorm van die finansiële markte, beïnvloed word. √√ (20)
4. Ja dit is. √√ Geskoolde mense is daartoe in staat om 'n besigheid te begin √√deur nuwe goedere of dienste te ontwikkel. √√ Hulle is dus daartoe in staat om nuwe besighede te begin en by te dra tot ekonomiese groei. √√ Hulle help ook om die land minder afhanklik te maak van ingevoerde √√ goedere deur volledig geproduseerde goedere plaaslik te produseer. √√ (Maks. 10)
5. Finansiële markte waar bastes mee handel gedryf word √√ en die pryse van bates vasgestel wo. √√ 'n Voorbeeld van 'n finansiële mark is die effektebeurs√ waar beleggers handel dryf in bates wat bekend staan as voorraad en aandele. √√ Hulle sluit ook in pryse van handelsware soos goud en olie. √√Geldeenhede maak ook deel uit van hierdie markte √√ en dus word die eienaars van besighede wat produkte invoer of uitvoer ook deur die wisselkoers beïnvloed. √√ (Maks. 10)

© Oxford University Press, Southern Africa 2013